Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Parashah 20: *Tetzaveh* (תצוה): Gee Opdrag

Jy moet die kinders van Yisra'el beveel dat hulle vir jou suiwer, uitgestampte olyfolie vir die lig moet bring, om voortdurend 'n brandende lamp te hê.
Ex. 27:20 – PWL Vertaling[1]

Torah: Exodus 27:20 tot 30:10

- **Inleiding**
- **Ex. 27:20 –** In U Lig Sien ons die Lig
- **Ex. 28:1 en 2 –** Tot Eer en Lof en tot Sieraad
- **Ex. 30:1 –** 'n Lieflike Geur

Haftorah:Eseg. 43:10 en 11 – Staan Beskaamd

B'rit Chadashah: Joh. 1:29; Rom. 12:1; 1 Kor. 15:31; Heb. 5:1 tot 10; 7:26 en 27; Heb 12:14; Heb. 13:10 tot 17; 1 Pet. 1:15, 16 en 19; Open. 5:8 tot 10; Open. 8:3 en 4

We cannot see light, but we must have light to truly see. Yeshua Messiah is the Light by which we truly see the will of YHVH – Anonymous

[1] PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch

It seems that the mind-set of the church is that the Father who was once very specific and demanding is now highly medicated on "grace" and doesn't require obedience or devotion – Anonymous

We can fix the world. That is why we are here at such a time as this. But we cannot do it by arguing theologies, debating philosophies, or fighting over ideologies – Bill Bullock.

Midrash (Torah Bespreking)

Inleiding

In verlede week se parashah was daar begin met die bou van die tabernakel – 'n Afgesonderde plek waar YHVH in die midde van Israel kan woon (Ex. 25:8 en 9).

Die Hebreeus vir tabernakel is *mishkan* (מִשְׁכָּן) en word gespel: *mem, shin, kaf, nun-sofit*. Volgens elke letter se betekenis en piktogram is die betekenis die volgende: *mem* beteken *water, massief en chaos*. *Shin* beteken *tande, verorber* en *vernietig*. *Kaf* beteken *oop hand, oop, bedek, en toelaat*. *Nun* beteken *vis wat deur water vinnig swem, aktiwiteit en lewe*. Deur die betekenis van hierdie letters te verbind word die volgende prentjie van die tabernakel geskilder: *Chaos word vernietig (verorber) en laat lewe en aktiwiteit toe!* YHVH is 'n God van orde en Hy is ware Lewe wat gepaste handeling (aktiwiteit) tot gevolg het.

Die bou van die tabernakel neem ons terug na die die eerste letter van die eerste woord van Torah, naamlik die *bet* van die woord *b'reisheet* (Gen. 1:1 – *In die begin*...). Die letter *bet/vet* (ב) beteken *huis* of *tent* (letterlik) en *huishouding, hoof van die huis* en *koning op 'n troon* (simbolies). Die letter *bet* is dus 'n sinnebeeld van 'n huis en 'n huishouding en van die Vader van die huis, asook van 'n koning en 'n koninkryk. Hierdie huis en huishouding sinspeel dus op die huis van YHVH en dus op die tabernakel en later die tempel. Daarom is die tabernakel 'n afbeelding van die huis en die huishouding van Vader-God. Hiervolgens is dit dus duidelik dat dit van die begin af YHVH se bedoeling en begeerte was om hier op aarde 'n huishouding (koninkryk) met kinders te skape waarvan Hy die Hoof (Vader en Koning) is. Die gebed wat Yeshua ons geleer het om te bid, bevestig dit (Luk. 11:2).

Wanneer julle bid, sê: Ons Vader wat in die hemel is, U Karakter en Outoriteit bly afgesonderd; ***laat U Koninkryk kom; laat U besluite uitgevoer word, net soos in die hemel, so ook op die aarde*** (PWL Vertaling)

Die numeriese waarde van *bet* is 2 en die letter is as te ware saamgestel uit drie *vav's* (ו). *Vav* se numeriese waarde is 6 en dus is die numeriese waarde van die drie dele van *bet* gelyk aan 18, wat dieselfde numeriese waarde is as die woord *chai* wat lewe beteken. Omrede *bet* 'n huis of tent simboliseer, en ook as voorvoegsel *in* of *tot in* beteken, is daar dus lewe in die huis of tent. Hierdie lewe is Yeshua, want Hy is die weg na die waarheid wat die ewige lewe gee (Joh. 14:6). YHVH se huis en huishouding is een waar ordelikheid gehandhaaf word, beskerming teen die dief gevind kan word en waar lewe in oorvloed in Yeshua beskikbaar is (Joh. 10:10)!

Aangesien ons weet dat Yeshua van die begin af by YHVH was en ook YHVH is (Joh. 1:1 en 2), weet ons dat Yeshua die bouer van die huis (tabernakel) is (Joh. 1:3 en Heb. 3:4 – Hy het die

huis gebou) en weet ons dat Hy aangestel is as die Hoof van die huis (Heb. 3:1 tot 6). [Onthou: Joh. 1:1 in Hebreeus begin ook met *b'reisheet*].

In die lig van bogenoemde kry Joh. 1:14 'nuwe' betekenis, naamlik Yeshua het onder ons kom woon (kom tabernakel). Die Hoof (Koning) van die huis (koninkryk) het na die aarde gekom om in ons midde te woon!! Yeshua se liggaam was die woning (*Bet-El*) van YHVH. Die tabernakel is 'n afbeelding hiervan.

Omrede die letter *bet* die tweede letter van die Hebreeuse alfabet (*aleph bet*) is, word dit ook met die boek Exodus (*Sh'mot*) verbind, want Exodus is die tweede boek van Torah en dit gaan grootliks oor die bou van 'n huis (tabernakel) en die vestiging van 'n huishouding (priesterdom), naamlik die huis van Israel bestaande uit die twaalf stamme.

Ex. 27:20 – In U Lig Sien ons die Lig

Jy moet die kinders van Yisra'el beveel dat hulle vir jou suiwer, uitgestampte olyfolie vir die lig moet bring, om voortdurend 'n brandende lamp te hê.
Ex. 27:20 – PWL Vertaling).

In die openingswoorde van hierdie week se *parashah* vind ons die opdrag met betrekking tot die olyfolie vir die goue kandelaar (menora). Die opdrag is dat die kinders van Israel suiwer uitgestampte olyfolie na Moses moet bring. Terwyl Israel verantwoordelik is vir die bring van die olyfolie, is Moses daarvoor verantwoordelik om die olyfolie aan Aäron, die hoëpriester, te gee wat op sy beurt, met die hulp van die priesters, verantwoordelik is vir die versorging van die voortdurende lig van die menora. Dit kan vergelyk word met 'n voorsieningsketting waar Israel die 'produsent' van die olyfolie is, terwyl Moses die rol van ontvanger, 'gehalte kontroleerder en distribueerder' vervul en die hoëpriester en priesters die 'eindverbruikers' van die olyfolie is om 'n noodsaaklike diens aan talle ander (Israel) te lewer.

Let daarop dat die hele Israel verantwoordelik is vir die bring van die suiwer uitgestampte olyfolie, en nie net 'n uitgesoekte groepie van Israel nie! Elkeen van Israel is dus verantwoordelik vir die verkryging ('produksie') van die suiwer olyfolie en om dit dan na Moses, die middelaar van Israel, te bring.

Die olyfolie is nie die lig nie, maar wel die energiebron van die lig. Dit bevat al die elemente om te ontbrand wanneer dit in kontak met vuur kom en om dan, wanneer dit brand, die omgewing te verlig. Die olyfolie word in die goue kandelaar geplaas waar dit brand om lig te gee.

Torah kan vergelyk word met die olyfolie wat deur YHVH se vuur (die Afgesonderde Gees) aan die brand gesteek word om die Lig in 'n donker wêreld te gee en die Lig te wees waarin ons wandel (Ps. 119:105 – 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad). As te ware is dit elkeen van Israel se verantwoordelikheid om dus Torah na Yeshua te bring wat sal toesien dat dit in die goue kandelaar geplaas word om te brand en lig te gee. Yeshua, Torah en die goue kandelaar vorm dus 'n eenheid wat Lig is. Die goue kandelaar is Yeshua – die Lig van die wêreld wat aan die begin geskape was.

En God het gesê: Laat daar lig wees! En daar was lig. Toe sien God dat die lig goed was. En God het skeiding gemaak tussen die lig en die duisternis; Gen. 1:3 en 4

Ons kan nie lig sien nie, maar ons het lig nodig om te kan sien!!

Want by U is die fontein van die lewe; in u lig sien ons die lig. Ps. 36:10.

Yeshua is daardie Lig wat YHVH geskape het sodat ons geestelik kan sien (Gen. 1:3). Dit is die Lig wat geestelike duisternis verdryf. Onthou duisternis is die afwesigheid van lig!

Ons kan ook nie vir YHVH sien nie, maar in die lig van Sy Torah, en soos deur Yeshua gedemonstreer was, kan ons die werke van die Almagtige sien. Yeshua het hierna verwys toe Hy gesê het:

Die Gees blaas waar Hy wil en jy hoor Sy Stem, maar jy weet nie vanwaar Hy kom en waarheen Hy gaan nie. Net so is elkeen wat uit die Gees gebore is. Joh. 3:8

Die enigste lig in die tent van die tabernakel was afkomstig vanaf die goue kandelaar en dit is ‘n sinnebeeld van Yeshua en Torah.

In die oorsprong het die Boodskap reeds bestaan en daardie Boodskap het saam met God bestaan en God self was daardie Boodskap. Hierdie Een het in die oorsprong saam met God bestaan. Alles is deur Sy hande gemaak en sonder Hom het niks bestaan van wat ontstaan het nie. In Hom was die Lewe en die Lewe was die Lig vir die mense. Daardie Lig skyn in die duisternis en die duisternis het dit nie oorweldig nie. Joh. 1:1 tot 4 – PWL Vertaling

Yeshua het weer met hulle gepraat en gesê: “Ek Is יהוה*, die Lig van die wêreld; wie My ook al volg, sal nie in die duisternis loop nie, maar sal die Lig van die lewe vind”* Joh. 8:12 – PWL Vertaling

Die goue kandelaar kon net lig gee indien dit gevul was met suiwer uitgestampde olyfolie wat deur die hele Israel voorsien moes word. Net so moet ons vandag die suiwer olyfolie wees sodat Yeshua se goue kandelaar hier op aarde kan brand en die duisternis verdrywe.

Hoe kan ons suiwer uitgestampte olyfolie wees (dit ‘produseer’) en dit na Yeshua neem sodat dit in die goue kandelaar gebrand kan word om lig te gee?

Ons kan slegs olyfolie voortbring indien ons deel is van die olyfboom wat Israel simboliseer (Romeine hoofstuk 11). As wilde olyftak word ons ingeënt op die mak olyfboom en kry sodoende deel aan die wortel en die vettigheid van die olyfboom wat YHVH simboliseer (Rom. 11:17). Elke olyftak groei uit die stam van die olyfboom wat die Lewende Torah (Yeshua) verteenwoordig en wat deur die wortel (YHVH) gevoed word. Op die wyse bring elke tak, naamlik elke gelowige in Yeshua en deur Torah-gehoorsaamheid, olywe (vrug) voort. Geloof in Yeshua en Torah-gehoorsaamheid lewer ‘n olyfoes wat tot suiwer uitgestampte olyfolie verwerk kan word.

Olywe word ge-oes, gewas, gemaal en gepers, waarna die water en olie van mekaar geskei word en die olyfolie nog verdere suiwering ondergaan. Ons is dus die olyfoes wat deur die

Afgesonderde Gees gewas, gemaal en gepers word tot suiwer olyfolie. Dit is hierdie olie van Torah-gehoorsaamheid wat Yeshua ontvang en wat Hy as Hoëpriester aan die priesters uitdeel om die goue kandelaar brandend te hou. Dit is hierdie olie wat deur die vuur van die Afgesonderde Gees aan die brand gesteek word om lig in die wêreld te wees.

Daar verskyn aan hulle tonge soos van vuur, wat self verdeel en op elkeen van hulle gaan sit en hulle is almal volgemaak met die Gees van Afsondering en het begin praat in verskillende tale, soos die Gees aan hulle gegee het om te praat. Hand. 2:3 en 4 – PWL Vertaling.

Op *Shavuo*t (Pinksterdag) het elkeen van die sowat 120 volgelinge van Yeshua 'n brandende goue kandelaar geword!! Op die dag het die vuur van die Afgesonderde Gees die 'energiebron', naamlik die olyfolie wat afkomstig was van die vrug van geloof in Yeshua en gehoorsaamheid aan Torah, laat ontvlam om die lig van Yeshua in 'n donker wêreld te wees. Die 'olyfolie' wat vir Yeshua gebring was, het nou die die brandende olie van die priesterdom geword wat die lig van die goue kandelaar brandend hou.

Die geestelike betekenis van bogenoemde kan soos volg opgesom word: Elkeen (Jood en nie-Jood) wat deur geloof in Yeshua as die Messias en deur gehoorsaamheid aan Torah deel is van die olyfboom (ware Israel) produseer 'n olyfoes wat tot olyfolie verwerk word. Hierdie olyfolie ontvang Yeshua se 'goedkeuringsmerk' en word aan ons, YHVH se koninklike-priesterdom, gegee om deur die vuur van die Afgesonderde Gees aan die brand gesteek te word om die lig van Yeshua in hierdie wêreld te kan wees.

Dit is hierdie olie waarmee die vyf wyse maagde hulle lampe gevul het (Matt. 25:1 tot 13). Hierdie is die olyfolie wat geloof in Yeshua as die Messias en Torah-gehoorsaamheid voortbring en wat ons lampe brandend sal hou tot die Bruidegom kom sodat ons saam met Hom sal kan ingaan na die bruilof. Diegene sonder hierdie olyfolie sal uitgesluit word, want die Bruidegom sal aan hulle sê: *Voorwaar ek sê vir julle, ek ken julle nie* (Matt. 25:12 en verwysend ook na Matt. 7:23).

'n Ander belangrike eienskap van olie is dat dit nie met water meng nie. Wanneer olie met ander nie-olie vloeistowwe gemeng word, sal die olie spoedig van die ander vloeistowwe skei en altyd na die oppervlak beweeg. Daarom moet ons as suiwer uitgestampte olyfolie nie meng nie, maar moet uitstyg bokant dit wat ons wil besoedel.

Bepeins of Bespreek

1. Olyfolie word gebruik om mense mee te salf. So lees ons byvoorbeeld dat die priesters tydens die wydingseremonie met olie gesalf was (Ex. 28:41; Ex. 29:7). In Jak. 5:14 is die opdrag om die siekes met olie te salf voor daar vir hulle vir genesing gebid word. Is dit belangrik om te weet watter 'tipe olyfolie' die persoon wat die salwing doen, voortbring? Anders getsel: Is jy bereid om gesalf te word deur 'n persoon wat doelbewus Torah-ongehoorsaam leef?

2. Bepeins of Bespreek bogenoemde vraag met die volgende in gedagte: Die suiwer uitgestampte olyfolie spreek ook van die suiwerheid van Torah en van die Afgesonderde Gees. Dit was hierdie "suiwer" Torah en Gees van YHVH wat deel was van elke faset van

Messias se aardse wandel en bediening. Deur hierdie Torah en deur die Gees het Yeshua Homself aan Vader-God geoffer as mens sonder enige smet en as volmaak (Heb. 9:14). Is Satan nie ook die voorsiener van onsuiwer olie nie – olie wat in voorkoms soos olyfolie lyk?

3. Is jou lamp gevul met suiwer uitgestampte olyfolie of bevat die olie van jou lamp onsuiwerhede? Die suiwerheid is ‘n kombinasie van geloof in Yeshua as die Messias en Torah-gehoorsaamheid!

4. Vulling met die Afgesonderde Gees is `n voortdurende proses. Net soos die olie vir die goue kandelaar voortdurend voorberei en aangevul moes word, so moet ons ook voortdurend `n nuwe aanvulling van die Afgesonderde Gees ontvang. Ons kan nie bekostig om op te hou om suiwer uitgestamde olyfolie ‘te produseer’ nie. Ons ‘produseer’ olyfolie wanneer met vaste vertroue in Yeshua Torah-gehoorsaam leef.

5. Die goue kandelaar het daaglikse versorging nodig gehad. Dit moes nie net van ‘vars’ olie voorsien word nie, maar die pit van elke lamp moes ook gereeld gesny word ten einde te verseker dat die lamp helder brand. Ons ontberinge, vervolging en lyding is dikwels die wyse waarop ons lamp versorg word sodat die Lig van Yeshua in en deur ons helderder kan skyn en ons Sy heerlikheid toenemend deelagtig kan word. Verwys Rom. 8:18; 2 Kor. 4:17; 1 Pet. 4:12 en 13; 1 Pet. 5:10. Op ons pad na die ‘beloofde land’ sal ons beproewinge in verskillende vorme teenkom (siekte, hartseer, versoekinge, bindinge, verslawing, ens.) wat oorwin moet word. Elke oorwinning sal `n verheerliking van Yeshua wees en sal ons deel maak van Sy Gemanifisteerde Teenwoordigheid. Oorwinning oor hierdie dinge bevorder geloof en sal ons lig soveel helderder laat skyn.

Ex. 28:1 en 2 – Tot Eer en Lof en tot Sieraad

Vat nou jou broer Aharon en sy seuns saam met hom, uit die kinders van Yisra’el, dat hy My kan dien as priester: Aharon en die seuns van Aharon: Nadav, Avihu, El’azar en Itamar. Jy moet vir jou broer Aharon afgesonderde klere maak, tot eer en lof en tot versiering. PWL Vertaling

Vir die eerste keer in ons Torahstudie word daar opdrag gegee aangaande die kleredrag van ‘n bepaalde persoon en groep van persone. Abraham. Isak, Jakob en Moses was almal toegewyde diensknegte van die Allerhoogste en tog word daar nooit na hulle kleredrag verwys nie. Hulle sou dus nie aan hulle kleredrag herken kon word as in diens van YHVH nie. In die geval van die hoëpriester en priesters is dit anders, want aan hulle kleredrag sou hulle herken word, asook daarvolgens respekteer word, dat hulle in diens van YHVH is. Vir die priesterdom moes daar afgesonderde (heilige) klere gemaak word wat tot eer en lof en tot versiering moet dien.

Eerstens, en baie belangrik, is om te besef dat YHVH nie soseer gesteld is op voorkoms nie, maar oor wat in die mens se hart is. So byvoorbeeld lees ons ten opsigte van Dawid die volgende in 1 Sam. 16:7.

Maar YHVH sê vir Samuel: Kyk nie na sy voorkoms en sy hoë gestalte nie, want Ek ag hom te gering. Want nie wat die méns sien, sien God nie; want die mens sien aan wat voor oë is, maar YHVH sien die hart aan.

Yeshua het ook die skrifgeleerdes en Fariseërs aangespreek oor hulle uiterlike vertoon wat nie ooreenstem met wat in hulle harte is nie:

Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle is net soos gewitte grafte wat van buite wel fraai lyk, maar van binne vol doodsbene en allerhande onreinheid is. Matt. 23:27.

Uiterlike voorkoms kan dus ‘n wyse wees om ‘n vals indruk by mense te skep. Dit kan dien om dit wat in die hart is, asook om Torah ongehoorsaamheid, weg te steek! Ons sien dit byvoorbeeld in die geval van Adam en Eva:

Toe gaan altwee se oë oop, en hulle word gewaar dat hulle naak is; en hulle het vyeblare aanmekaargewerk en vir hulle skorte gemaak. Gen. 3:7

In die lig van al bogenoemde is die vraag: Waarom gee YHVH dan opdrag dat die hoëpriester en priesters met afgesonderde klere beklee moet wees?

Eerstens is dit belangrik om te verstaan dat die afgesonderde klere van die priesterdom nie tot eer en lof en tot versiering van die mens was nie, maar wel van YHVH Yeshua.

Dit is ook belangrik om op die punt onderskeid te maak tussen die bediening van ‘n priester en die van ‘n profeet. ‘n Priester verteenwoordig die mense in die teenwoordigheid van YHVH, terwyl ‘n profeet verteenwoordig YHVH in die teenwoordigheid van mense. Verder is dit ook belangrik om te verstaan dat priesters aangestel word op grond van geboorte. Aanvanklik is Aäron as hoëpriester deur YHVH gekies, maar uit Aäron se nageslag is die priesters dan aangestel en opgelei om dienswerk te verrig waarna hulle by wyse van ‘n sewedag seremonie aan YHVH toegewy was. ‘n Profeet word altyd deur YHVH gekies en daarom is ‘n profeet se bediening nooit volgens geboorte nie. YHVH self lei die profeet op.

Die feit dat ons ‘n koninklike priesterdom is (1 Pet. 2:9), is op grond van wedergeboorte. Daarom moet ons ook opgelei word vir die bediening van ‘n priester. Let ook daarop dat ons ‘n koninklike priesterdom is en nie ‘n konklike profetedom nie. Die woord priester (*kohen*) beteken prins en dienskneg. ‘n Priester is dus van die Koningshuis, maar met die taak om beide die Koning (YHVH Yeshua) en die mense te dien. Die taak van die priester word mooi opgesom deur die profeet Maleagi:

The true Torah was in his mouth, and no dishonesty was found on his lips; he walked with me in peace and uprightness and turned many away from sin. A cohen’s lips should safeguard knowledge, and people should seek Torah from his mouth, because he is the messenger of Adonai-Tzva’ot. Mal. 2:6 en 7 (CJB).

Maar kom ons keer terug na die vraag oor hoekom die priesterorde met afgesonderde gewaad beklee moes wees? Dit kan ondermeer soos volg verduidlik word:

- Die profeet se inherente hoedanighede maak hom (haar) geskik vir die bediening van ‘n profeet. Hy of sy word as te ware daarmee gebore en het geen amptelike gewaad nodig om sy (haar) gesag te demonstreer nie. Dit kan vergelyk word met ‘n charismatiese leier

wat inherent oor die eienskappe beskik om ander mense te beïnvloed. ‘n Persoon kan nie werklik geleer word om ‘n charismatiese leier te wees nie. Daarom kan niemand geleer word om ‘n profeet te wees nie! ‘n Priester beskik egter nie noodwendig oor die inherente hoedanighede om priester te wees nie en moet dit geleer word. Daarom is dit ook noodsaaklik om ‘n priester voortdurend deur sy kleredrag aan sy priesteramp te herinner. Dink in die verband aan die opdrag van die klossies aan die hoeke van die klere (Num. 15:37 tot 40). Die doel hiervan was om as voortdurende herinnering aan Torah te dien. Net so het die priesterlike kleredrag vir hulle as voortdurende herinnering van hulle amp gedien en het dit ook elkeen wat die tabernakel binnegaan voortdurend aan YHVH se onderrig en instruksies herinner. Dit het ook gedien as herinnering van YHVH se genade en gesagstruktuur. Daarom was dit noodsaaklik dat die priesterdom se outoriteit by wyse van afgesonderde klere aangedui word.

- Soos alles van die tabernakel en offerandes as ‘n sigbare manifistasie van ‘n geestelike waarheid gedien het, so het die klerdrag van die hoëpriester en priesters ook gespreek van toekomstige geestelike waarhede. So was Aäron as hoëpriester ‘n sinnebeeld van Yeshua ons ewige Hoëpriester en die seuns van Aäron ‘n sinnebeeld van ‘n Torah gehoorsame priesterdom. Die kleredrag en bybehore van die hoëpriester is ondermeer ‘n sinnebeeld van Yeshua wat die Middelaar tussen YHVH en die mensdom is. Dit het getuig van YHVH se liefde vir Sy volk – Hy het Israel se belange op sy skouers gedra (die skouerkleed met twee skouerstukke – Ex. 28:6 tot 12) en dit in Sy hart gedra (die borstas met edelstene – Ex. 28:13 tot 29). Die kleredrag van die priesters is ‘n sinnebeeld van die gelowige in Yeshua wat geklee word met die geregtigheid van YHVH – die beeld van ‘n bruid geklee in ‘n vlekkelose kleed.

Bepeins of Bespreek

1. Die twee gesteentes van die skouerstukke en die 12 gesteentes van die borstas het die name van die twaalf stamme van Israel bevat. Hoe is dit verwant aan die 12 stene van die nuwe Jerusalem en die stene van die 12 poorte van die stad (Open. 21:12 tot 14, 19 tot 21)? Waar is die gesteente wat die kerk verteenwoordig of is daar nie een nie? Lees Ef. 2:11 tot 19; Heb 4:16, 9:8 tot 11; Gal 3:7, 9, 28 en 29.

2. Die taak van die priesterdom is om YHVH se Koninkryk te vestig, instand te hou en uit te brei. Is dit wat die voorspoedleer verkondig of is die fokus van hierdie lering op die bou van ‘n eie persoonlike koninkryk?

3. YHVH se regeringstruktuur bestaan uit ‘n koning, ‘n priesterdom en profete. Die tabernakel sou nie kon funksioneer sonder ‘n priesterdom nie en net so ook nie YHVH se Koninkryk nie. Graag hoor ons dat ons ‘n koninklike priesterdom is en almal wil graag soos koninklikes (*royalty*) behandel word, maar min is bereid om ‘n ware priester te wees. En tog lê die Skrifte die klem op die taak van die priesterdom om te verkondig die deugde van Hom wat ons uit die duisternis geroep het tot Sy wonderbare lig (1 Pet. 2:9). As priesters moet ons doel wees dat ons *almal een sal wees in vertroue en in kennis van die Seun van God, een man, tot die mate van die volgroeidheid van Die Gesalfde Een* (Ef. 4:13). Ons moet geestelike volwasse

priesters wees! Ons is nie hier om gedien te word nie, maar om te dien. In die verband skryf Norman Willis:

One of the hallmarks of maturity is the ability to see things from more than one point of view. From the "new baby believer's" point of view, the Good News is about getting fed. It is about someone changing your diapers for you, helping you stay warm and dry, and taking care of your bodily needs. Then as we become a little older, the Sabbath and festivals are an opportunity to have parties and get together with our friends. Yet as we grow into spiritual adulthood, if we still look at the moedim as an opportunity to have parties and play games, then we are missing something essential. If an ecclesia is a spiritual family, then there comes a time when we are to grow up and take on adult roles.

A lot of people are really wounded, and a big part of Sabbath and festivals is helping people get healed. Yet again we need to look to the Great Commission in order to understand the big picture. We are not one big convalescent hospital and juvenile game center. We are not even a school. Rather, we are the nation of Israel, and the army of the living Elohim; and while we do indeed have a surgical hospital, a convalescent center, and a place for R & R, we also have both spiritual and physical wars to fight, whether we like it or not. And so long as we continue to refuse to get organized (and get serious about the Great Commission), we will continue to lose this war to Satan and his minions. (Torah Government, p 9 en 10)

Ex. 30:1 – 'n Lieflike Geur

Jy moet 'n altaar maak om reukwerk op te brand. Jy moet dit van akasiahout maak.
Ex. 30:1 – PWL Vertaling

Van al die meublement in die tabernakel is die reukaltaar waarskynlik die een wat Yeshua se huidige bediening op die duidelikste wyse uitbeeld. Die reukofferaltaar is `n afbeelding van Yeshua Messias as ons Voorspraak (Grieks: *parakletos*) by die Vader (1 Joh. 2:1). Voorspraak beteken dat Yeshua ons Advokaat is, naamlik die Een wat ons saak verdedig en as middelaar (tussenganger) namens ons optree. Yeshua is ons Verlosser van die vloek van die skuldlas vir oortreding van Torah.

Kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle sodat julle nie moet sondig nie en as iemand sondig, is daar vir ons die Verlosser van die vloek, Yeshua, Die Gesalfde Een, die Onskuldige, by die Vader, want Hy is die Vryspraak en Toedekking vir ons sondes en nie alleen vir ons s'n nie, maar ook vir dié van die hele wêreld. 1 Joh. 2:1 en 2 – PWL Vertaling.

Daarom is dit nie toevallig dat die reukaltaar die naaste aan die verbondsark, naamlik die troon van YHVH se Gemanifisteerde Teenwoordigheid, in die tabernakel gestaan het nie. Die reukaltaar het in die middel agter teen die gordyn gestaan wat die Afgesonderde (Heiligste) en Mees Afgesonderde (Allerheiligste) geskei het.

Soos van die ander meublement van die tabernakel is die reukaltaar ook van duursame aksiahout gemaak wat met suiwer goud oorgtrek was. Dit was ongeveer een meter hoog en en `n halwe meter breed en lank. Op elk van die vier hoeke was daar `n horing. Aan die bokant het dit `n goue krans bevat. Onder hierdie goue krans was daar aan die twee sykante een goue ring aan

elke kant. Deur hierdie twee goue ringe is die draaghout van goud oorgetrekte akasiahout geplaas om die reukaltaar mee te kan dra.

Die hout is ‘n sinnebeeld van Yeshua as mens en die goud ‘n sinnebeeld van Yeshua se Godheid, naamlik YHVH Yeshua.

Kole van die brandofferaltaar is geneem om op die reukofferaltaar te plaas. Op hierdie kole is die reukwerk van speserye (wierrook) gestrooi wat dan `n reukoffer aan God was. Hierdie wierrook is elke oggend en elke aand deur Aäron op die kole geplaas as `n voortdurende reukwerk voor die aangesig van YHVH (Eks. 30:7 en 8). Een keer per jaar, op die Dag van Versoening, het Aäron van die kole van die reukaltaar in `n vuurpan geplaas en van die wierrook geneem en dan die Mees Afgesonderde ingegaan om die wierrook daar voor die aangesig van YHVH te brand.

Aäron is ‘n heenwysing na Yeshua ons Ewige Hoëpriester. Soos Aäron dienswerk as middelaar (voorspraak) tussen YHVH en Israel gedoen het, so is Yeshua ons Ewige Middelaar (Voorspraak) tussen YHVH en die gelowige in Messias.

Telkens wanneer die Israeliete moes trek, is die reukaltaar met sy toebehore deur die priesters met `n blou kleed bedek en oor dit met robbevelle. Niemand, behalwe die priesters, mag YHVH se Afgesonderde ingegaan het en die Afgesonderde dinge van YHVH aanskou het nie. Die gewone mens sou sterf. YHVH se Afgesonderde en Sy Gemanifisteerde Teenwoordigheid is slegs vir YHVH se kinders bestem. Daarom is Yeshua slegs Voorspraak vir diegene wat YHVH Yeshua ken (Joh. 17:3).

Yeshua is ons Reukaltaar en Ewige Hoëpriester. Hy is die Reukoffer wat voor die aangesig van YHVH brand; Hy is die wierrook wat op YHVH se vuur geplaas word. `n Lieflike geur van ons verlossing en voorsiening in Yeshua ons Messias!

Die reukaltaar en die brandofferaltaar het een ding in gemeen gehad, naamlik die vuur (kole) op beide was dieselfde vuur. Hierdie vuur is tydens die eerste offer op die brandofferaltaar deur YHVH aan die brand gesteek (Lev. 9:24) en Hy het opdrag gegee dat hierdie vuur altyd brandend moet bly (Lev. 6:13). Hierdie vuur op die reukaltaar en brandofferaltaar was dus YHVH se vuur en is `n afbeelding van Sy oordeel. Hierdie vuur (oordeel) is YHVH se vuur (oordeel) en geen mensgemaakte vuur (vreemde vuur of ‘vreemde’ oordeel) mag gebruik gewees het nie. Dit is YHVH se vuur wat sonde oordeel, maar dit is dieselfde vuur wat die wierrook van vergifnis tot ‘n lieflike geur laat opstyg.

Die reukwerk van speserye (wierrook) was ook volgens YHVH se voorskrif voorberei en mag vir geen ander doel as vir die dienswerk in die tabernakel gebruik gewees het nie. Beide die vuur en wierrook was heeltemal afgesonder (hoogheilig).

Die brandofferaltaar was die plek waar YHVH se vuur, naamlik Sy regverdige oordeel, die sonde “verbrand” het. Die offers wat op die brandofferaltaar geoffer was, was `n afbeelding van Yeshua wat op die brandofferaltaar van Golgota, naamlik die kruis, geoffer is as vergifnis vir die sondes van elkeen wat glo.

YHVH se vuur wat ons sondes wat Yeshua op Hom geneem het, verteer het, is dieselfde vuur waarop YHVH se wierrook gebrand word. Sonder die vuur van die brandofferaltaar kan daar geen vuur wees om wierrook te brand nie. Dit beteken dat sonder die kruisdood van Yeshua vir ons sondes kan daar geen voorspraak by die Vader wees nie. Yeshua moes eers versoening tussen YHVH en die mens bewerkstellig het, alvorens Hy as ons Voorspraak by die Vader kon optree. Yeshua se Hoëpriesterlike werk het by die kruis begin. Net soos daar voortdurend reukwerk voor die aangesig van YHVH gebrand moes word, net so is Yeshua voortdurend vir ons `n Voorspraak by die Vader (Heb. 8:6).

Geen vreemde vuur of reukwerk mag voor God gebring gewees het nie (Eks. 30:9). Toe Nadab en Abihu hierdie opdrag oortree het, het beide onmiddelik gesterf (Lev. 10:1 tot 2). Wat is die geestelike betekenis hiervan?

Ons gebede word slegs verhoor op grond van die versoeningswerk van Yeshua aan die kruis. Daar is geen ander wyse om tot YHVH te nader nie, as op grond van die versoening deur die bloed van Yeshua, die Lam van God wat vir ons geoffer is. Enige ander wyse van toenadering tot YHVH is vreemde vuur en geestelike dood sal die gevolg wees!

My geloof in die versoeningswerk van Yeshua en my gehoorsaamheid aan die Torah van YHVH is die vuur (kole) en wierrook van die reukaltaar. Dit is die "katalisator" wat Yeshua laat optree as Hoëpriester en Voorspraak by die Vader (Heb. 7:24 tot 28; Heb. 9:24). Daarom gaan ons na die Vader in die Naam (Karakter en Outoriteit) van Yeshua, want Hy is ons Versoening met Vader-God (Hand. 4:12) en Hy is die Lewende Torah (Woord)(Joh. 1:1, 2 en 12).

Geloof in die versoening deur die kruisdood van Yeshua, maar sonder gehoorsaamheid aan Torah, is vreemde vuur en vreemde reukwerk wat voor YHVH se aangesig gebring word. Om by te voeg tot, of weg te neem van Torah is vreemde reukwerk wat voor YHVH se aangesig verbrand word en het geestelike dood tot gevolg (Open. 22:18 en 19)!

Yeshua is vir YHVH `n lieflike geur omrede Hy Homself as offer gegee het (Ef. 5:2). So ook is elke Torah-gehoorsame gelowige in Yeshua `n aangename geur van Messias (2 Kor. 2:15; Fil. 4:18). Ons is soos wierrook wat gebrand word en `n lieflike geur vir Vader-God is; `n welgevallige offer wat welbehaaglik vir Hom is.

Gebede van lieflike geur

Openbaring 8:3 en 4 is 'n duidelike heenwysing dat ons gebede deur die reukaltaar verteenwoordig word:

'n Ander engel het gekom en met 'n goue wierookbak by die altaar gaan staan en baie wierook is aan hom gegee om saam met die gebede van al die afgesonderdes, voor die troon, op die goue altaar te gooi en die rook van die wierook het, saam met die gebede van die afgesonderdes, uit die hand van die engel opgegaan voor God (PWL Vertaling).

Die volgende skrifte bevestig dat die wierrook wat op die reukofferaltaar gebrand word `n afbeelding is van ons gebede, lofprysing en aanbidding: Ps. 141:2; Open. 5:8; Open. 8:3; Heb. 13:15.

Aangesien die wierrook elke oggend en elke aand gebrand was, was die tabernakel voortdurend gevul met hierdie lieflike geur. So is Yeshua, en elke gebed wat in geloof in Yeshua en gehoorsaamheid aan Torah gebid word, `n lieflike geur tot YHVH. Yeshua is YHVH se wierrook en elkeen wat die geregtigheid van YHVH in Yeshua is, word deurdrenk van hierdie wierrook sodat ons ook vir God `n aangename geur word.

Ons het nie meer `n aardse priester nodig om ons by God te verteenwoordig nie. Nee, ons het Yeshua self wat aan die regterhand van God sit wat voortdurend as ons Middelaar optree. Die weg na die heiligdom is nou geopen omrede die aardse tabernakel nie meer `n doel dien nie (Heb. 9:8). Die voorhangsel, naamlik Yeshua se liggaam is geskeur sodat ons in Die Gesalfde Een (Messias) tot in die allerheiligste kan gaan (Heb. 10:19 en 20).

Volgens Luk. 1:8 tot 10 is dit ook duidelik dat gebede geoffer was tydens die reukoffer. Daar is verskeie Skrifverwysings wat YHVH se kinders aanmoedig om gebede en lofoffers tot God te rig (1 Tim. 2:8; Fil. 4:6 en 7; Ef. 5:19 en 20; Kol. 3:16; Heb. 13:15). Wanneer dit in die Naam (Karakter en Outoriteit) van Yeshua met vertroue en gehoorsaamheid gedoen word, is dit `n aangename geur voor Vader-God. Dit is wierrook wat op die vuur van God se versoening deur Yeshua gebrand word.

Ons Hoëpriester en Voorspraak is iemand wat simpatie met al ons emosies, behoeftes en daaglikse probleme het (Heb. 4:14 en 15). Yeshua het volle begrip en simpatie vir elke emosie en pyn wat ons ooit sal hê, want Hy was ook mens en het alles van die mens op Hom geneem toe Hy op die kruis in ons plek gesterf het.

Bepeins of Bespreek

1. Dit word dikwels gesê dat bekommernis en vrees ongeloof (wantroue) is, want dit ontken die voorsiening wat reeds in Yeshua bewerkstellig is. Maar kan ons werklik sonder bekommernis en vrees lewe? Is die doel van ons gebede nie ondermeer om juis ons bekommernisse en vrese in die Naam van Yeshua voor die Vader te bring nie?

2. Is gebede wat nie beantwoord word nie omrede ons te min geloof (vertroue) het? Is dit net ‘n geval van glo en julle sal dit verkry (Matt. 21:22; Mark. 11:24)? [Wanneer hierdie twee Skrifgedeeltes in konteks gelees word, moet die vraag gevra word: Waarna verwys Yeshua se woorde *al sê julle ook vier hierdie berg*? Onthou die vooraf gedeelte verwys na ‘n vyeboom wat nie vrug dra nie!]. Vergeet ons nie dikwels die gehoorsaam aan Torah gedeelte en dat YHVH ons moontlik beproef nie? Moet ons nie meer dikwels onsself ondersoek alvorens ons Satan die skuld gee of ‘besluit’ dat dit die Vader se wil is dat my gebed nie beantwoord word nie?

3. Laat ons egter voortdurend deur ons gebede en lofprysing YHVH loof vir sy goedheid en wonderdade (Ps. 107:8). Om YHVH te loof en Sy Naam te verhoog moet deel van ons

daaglikse lewe wees (Ps. 145:1; Ps. 147:1). `n Loflied betaam die opregtes (Ps. 33:1). Selfs onder die moeilikste omstandighede moet ons nie ophou om YHVH te prys nie (Hand. 16:25)!!

Midrash Haftorah (Haftorah Bespreking)

Eseg. 43:10 en 11 – Staan Beskaamd

Wat jou betref, seun van 'n mens, beskryf die tempel aan die huis van Yisra'el sodat hulle skaam kan wees vir hulle onregverdighede en laat hulle die bloudrukplan opmeet. As hulle skaam is oor alles wat hulle gedoen het, maak aan hulle die ontwerp van die huis bekend, sy struktuur, sy uitgange, sy ingange, sy hele ontwerp, al sy voorskrifte en al sy wette. Skryf dit voor hulle oë sodat hulle sy hele ontwerp kan waarneem met al sy instellings en dit kan doen. (PWL Vertaling).

Soos in *parashah* 19 verduidelik was, is die tabernakel `n sinnebeeld van Yeshua Messias as mens en God (Elohiem) en van Sy bediening. Elke stukkie detail in die tabernakel het heengewys na een of ander aspek van Yeshua as persoon en van Sy bediening. Tweedens is die tabernakel ook `n afbeelding van 'n lewe as geregverdigde in Yeshua, naamlik van Torah gehoorsaamheid.

Esegiël herinner Israel daaraan dat die tempel (tabernakel) YHVH se bloudruk is van 'n leefwyse as afgesonder vir YHVH. Dit is YHVH se maatstaf (skietlood) wat ons elkeen moet gebruik. Wanneer ons dit dan vir die doel gebruik, en met die besef dat ons die tempel van YHVH is (1 Kor. 3: 16 en 6:19), sal ons ook beskaamd staan, want soos Israel van ouds het ons ook YHVH se afgesonderde Naam verontreinig met ons gruwels wat ons bedryf het (Eseg. 43:8, en verwysend ook na Esegiël hoofstuk 8).

Maar dan spreek hierdie Haftorah Skriflesing ook van YHVH se genade, want Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig indien ons met berou terugkeer om volgens die bloudruk van YHVH se Torah, soos deur die tabernakel openbaar gemaak word, te lewe deur alles te onderhou wat Hy ons beveel het (1 Joh. 1:9). Dan sal YHVH Yeshua weer onder ons tabernakel.

Nou laat hulle hul hoerery en die lyke van hul konings ver van My af wegsit en Ek sal vir ewig tussen hulle bly. Eseg. 43:9 (PWL Vertaling)

Wanneer hulle die dae voltooi het, sal dit wees dat op die agste dag en verder, die priesters julle brandoffers en julle vredesoffers op die altaar sal offer en Ek sal jul aanvaar,' verklaar יהוה-*God.* Eseg. 43:27 – PWL Vertaling.

Bepeins of Bespreek

1. In Eseg. 43:13 tot 27 word die klem op die brandofferaltaar gelê. Wat is die rede hiervoor? Is dit omrede die brandofferaltaar 'n sinnebeeld van die kruis is? Is die kruis nie telkens weer die plek waar ons nuut begin wanneer ons gesondig het nie? Vanaf die kruis beweeg ons na

die bronswaskom wat ‘n sinnebeeld is van die reiniging deur die waterbad van die woord (Ef. 5:26). Eers dan is ons gereed om die Afgesonderde in te gaan en in YHVH se teenwoordigheid te staan!

-o-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalomgroete tot volgende keer.
Johan

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.